HOOFSTUK 8

# SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

## 8.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek was om vas te stel hoedanig die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO is en watter faktore 'n invloed daarop het sodat voorstelle ter verbetering gedoen kan word.

Vir die oogmerke van hierdie ondersoek is die akademiese produk= tiwiteit van 'n universiteit omskryf as dié persentasie van die nuwe eerstejaarstudente wat later die grade of diplomas waarvoor hulle ingeskryf het, verwerf en in welke tydsduur.

## 8.2 LITERATUUROORSIG

### 8.2.1 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE UNIVERSITEIT EN PRO= BLEME WAT DIE HEDENDAAGSE UNIVERSITEIT ONDERVIND

In die literatuuroorsig is eerstens die ontstaan en ontwikkeling van die universiteit in die algemeen en die PU vir CHO in die be= sonder geskets om sodoende die PU vir CHO as hedendaagse univer= siteit in die regte perspektief te plaas.

Dit blyk dat die universiteit sy beslag in die Middeleeue gekry het en wel as gemeenskap van leermeesters en leerlinge. Die uni= versiteit was deur die eeue tradisioneel 'n Christelike instelling, maar het sedert die agtiende eeu begin ontkersten sodat 'n Christe= like universiteit soos die PU vir CHO vandag 'n uitsondering op die reël is.

Die funksies van die universiteit het deur die eeue min of meer dieselfde gebly hoewel daar sterk klemverskuiwings was. In wese is die funksies van alle universiteite opvoeding, onderrig, na= vorsing en beroepsvoorbereiding. In Amerika het die universiteit algaande 'n baie sterk gemeenskapsdiensfunksie verkry.

Weens die demokratisering van die onderwys word die hedendaagse universiteit feitlik deur studente oorstroom. Dit bring noodwen= dig mee dat nuwe geriewe geskep en die kurrikulums uitgebrei moet word terwyl die studente 'n minder uitgesoekte groep is. Die so= genaamde kennisontploffing stel geweldige uitdagings aan die uni= versiteit en dwing hom om steeds meer te spesialiseer. Bogenoem= de sake bring groot geldelike uitgawes mee wat hoofsaaklik uit die sak van die gewone landsburger kom. Die belastingbetaler vra dan ook in toenemende mate of die geld wat aan universiteite toe= gestaan word produktief aangewend word. Vir die gewone man word die produktiwiteit van die universiteit veral gemeet aan die per= sentasie studente wat in hul onderskeie studiejare slaag en later daarin slaag om grade of diplomas te verwerf.

### 8.2.2 DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN UNIVERSITEITE IN SUID-AFRIKA EN OORSEE

Om die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO in die regte perspektief te sien, is die akademiese produktiwiteit van univer= siteite in enkele oorsese lande asook dié in Suid-Afrika van na= der beskou. Dit blyk dat onderwystoestande van land tot land baie sterk verskil sodat vergelykings kwalik getref kan word. Die Britse universiteite het byvoorbeeld 'n baie hoë akademiese produk= tiwiteit, maar dit is waarskynlik die gevolg van 'n bykomende skool= jaar vir voornemende universiteitstudente asook baie streng keu= ring. Met lande soos Amerika en Australië, waar daar groter oor= eenkoms met ons onderwystoestande op universiteit is, vergelyk die akademiese produktiwiteit van die universiteite vir blankes in Suid-Afrika baie goed en is dit sedert die helfte van die sestiger= jare selfs beter.

Wat die universiteite vir blankes in Suid-Afrika betref, is daar aangetoon dat dit moeilik is om eerstejaarslaagpersentasies te vergelyk omdat daar verskillende maniere is waarop die syfers bereken kan word. Dit blyk egter dat 'n betreklik hoër persentasie eerstejaarstudente van die PU vir CHO elke jaar oor redelike lang tydperke heen geslaag het as wat die geval aan die meeste ander universiteite in Suid-Afrika was. Volgens amptelike

statistiek het eerstejaarstudente aan die PU vir CHO vir die tyd=perk 1972 tot 1974 'n hoër gemiddelde eerstejaarslaagpersentasie gehad as enige ander universiteit vir blankes in Suid-Afrika. Die totale akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO het ge=blyk ongeveer dieselfde te wees as die gemiddeld van die ander universiteite vir blankes in Suid-Afrika. Daar is ook aangetoon dat daar in die amptelike statistiek sekere anomalieë bestaan wat die noodsaaklikheid van 'n deeglike ondersoek na die akademiese prestasies van eerstejaars en die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO beklemtoon het.

### 8.2.3 FAKTORE WAT AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT BEÏNVLOED

'n Deeglike studie is gemaak van faktore wat akademiese produkti=witeit kan beïnvloed om as agtergrond te dien vir die ondersoek na sodanige faktore aan die PU vir CHO.

Dit het geblyk dat die faktore wat akademiese produktiwiteit be=invloed en kan beïnvloed talryk en ineengestrengel is sodat die betreklike invloed van elkeen baie moeilik bepaalbaar is. Intel=lektuele vermoë en skoolprestasie is tans nog die beste, maar nog geensins die ideale voorspellers van akademiese sukses nie.

Uit die literatuur blyk verder dat damestudente in die algemeen akademies meer produktief as manstudente is en dat daar 'n tendens is, hoewel swak, dat jonger studente in die algemeen beter as hul ouer klasmaats presteer. Koshuisinwoners presteer in die algemeen ook effens beter as studente wat privaat loseer. Uit die baie min ondersoeke wat op hierdie gebied gedoen is, wil dit voorkom asof meelewende kerklidmate 'n beter kans op akademiese sukses het.

Studiehouding, studiemetode sowel as gemotiveerdheid tot studie oefen besliste invloed op die akademiese sukses van studente uit.

Vaste verhoudings met lede van die teenoorgestelde geslag asook matige deelname aan sport en verenigingslewe beïnvloed akademiese prestasies in die algemeen positief.

Studente wat 'n motor besit asook diegene wat finansieel uitsluit=lik van hul ouers afhanklik is, het 'n swakker kans op akademiese sukses as diegene wat nie motorvoertuie besit nie of hul studie=geld uit 'n kombinasie van bronne verkry.

Die universiteit waar gestudeer word sowel as die studierigting wat gevolg word, het 'n besliste invloed op die akademiese pres=tasies van studente. Dit blyk dat daar in sommige studierigtings aan sekere universiteite konsekwent beter gepresteer word as aan ander universiteite. Die akademiese produktiwiteit in die toege=paste en suiwer natuurwetenskaplike studierigtings is betreklik laag, hoewel hierdie studierigtings, akademies gesproke, van die heel beste studente trek.

'n Verhoging in toelatingsvereistes sal wel die akademiese produk=tiwiteit verhoog, maar sal ook aan heelwat mense wat wel 'n sukses van universiteitstudie kan maak die geleentheid daartoe ontsê. Daar is egter sterk motivering voor om 'n gemiddelde prestasie van 50% in die standerd 10-eksamen as minimumtoelatingsvereiste tot die universiteit te stel.

Eerstejaarstudente ondervind wel groot aanpassingsprobleme, maar die relatiewe invloed daarvan is moeilik bepaalbaar.

In die algemeen benadeel groot lesinggroepe nie studente se aka=demiese prestasies nie. Studente wat groot lesinggroepe wel as 'n belemmering ondervind, presteer op akademiese gebied betreklik swak.

Toetse en eksamens het 'n regstreekse invloed op akademiese produk=tiwiteit en gereelde toetsing spoor studente aan om gedrae te studeer.

Swak onderrigbekwaamheid van dosente word deur baie as 'n belang=rike rede vir swak akademiese produktiwiteit aangevoer, maar hier=die stelling is empiries baie moeilik te bewys. In die algemeen word ook geen beduidende verskille gevind in die invloed wat ver=skillende onderrigmetodes op akademiese prestasies van studente

het nie.

## 8.3 METODE VAN ONDERSOEK

Die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO is vasgestel deur, op grond van kontrole van elke individuele student se akademiese rekord, na te gaan watter persentasie eerstejaarstudente wat in die tydperk 1962 tot 1971 aan die PU vir CHO ingeskryf het, wel later die grade of diplomas waarvoor hulle ingeskryf het, verwerf het en ook hoe lank dit hulle geneem het om daarin te slaag. Die akademiese welslae van eerstejaarstudente vir die tydperk 1966 tot 1975 is ook afsonderlik nagegaan, aangesien ondervinding geleer het dat die akademiese produktiwiteit in groot mate deur die aka= demiese prestasies van eerstejaarstudente bepaal word.

Om faktore wat akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO be= invloed en veral die oorsake van swak akademiese prestasies van sommige studente te vind, is inligting deur middel van vraelyste by die hele populasie ingewin, naamlik

a. eerstejaarstudente,
b. dosente en
c. tweedejaar-, derdejaar- en nagraadse onderwysdiplomastudente.

## 8.4 BEVINDINGS

### 8.4.1 DIE AKADEMIESE WELSLAE VAN EERSTEJAARSTUDENTE

In die tydperk 1966 - 1975 het gemiddeld 11,2% eerstejaarstuden= te (13,9% mans, 8,6% dames) jaarliks hul studies voor die aanvang van die eindeksamen gestaak. Ná 10 Junie van elke jaar kansel= leer meer eerstejaars hul kursusse as voor 10 Junie. In die on= derhawige tien-jaar-tydperk was die dameseerstejaarstudente, bere= ken op inskrywing op 31 Maart van elke jaar, se gemiddelde slaag= syfer (74,4%) baie hoër as dié van manseerstejaarstudente (59,2%). Die gemiddelde slaagsyfer vir mans en dames gesamentlik was 66,9%.

Die hoogste gemiddelde slaagsyfer in 'n fakulteit het in die fakul= teit Lettere en Wysbegeerte voorgekom en die laagste gemiddelde

slaagsyfer (57,5%) het in die fakulteit Natuurwetenskappe voorge=kom.

Opvallende verskynsels oor die tien-jaar-tydperk heen was die groot fluktuasies wat in die slaagpersentasies van jaar tot jaar vir mans- en dameseerstejaarstudente afsonderlik en gesamentlik voor=gekom het asook in iedere fakulteit en in die universiteit as ge=heel. Daar was 'n sterk positiewe korrelasie (r = 0,83) in die tydperk tussen die slaagpersentasies van mans- en dameseerstejaars. Die slaagpersentasies het ook baie sterk negatief gekorreleer (r =-0,81) met die aantal studente wat ingeskryf het. Dit wil dus voorkom of vinnige groei in die getal eerstejaarsinskrywings gepaard gaan met swakker akademiese prestasies.

Spesiale pogings is in 1976 aangewend om akademiese prestasies van eerstejaars te verbeter. Dameseerstejaars het in 1976 akade=mies nie juis beter gevaar as in vorige jare nie, maar by manstu=dente was daar groot verbetering in die slaagsyfer te bespeur. Die verbeterings in onderskeie fakulteite was soos volg: Natuurwetenskappe - 14,4%, Regte - 10,2% en Lettere en Wysbegeer=te - 6,7%. In die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe was daar egter 'n verswakking van 7,1%.

### 8.4.2 DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN DIE PU VIR CHO

Vir die tydperk 1962 tot 1971 het 64,9% van die eerstejaarstuden=te wat in dié tydperk met universiteitstudie begin het, die graad of diploma waarvoor hulle ingeskryf het binne die minimumtydperk plus twee jaar verwerf. Dit is naastenby dieselfde as dié van die ander universiteite vir blankes in Suid-Afrika (66% - vgl.3.4).

Damestudente se akademiese produktiwiteit was in die tydperk hoër as dié van manstudente. Onder die fakulteite het Lettere en Wys=begeerte die hoogste akademiese produktiwiteit, terwyl Ekonomiese Wetenskappe en Opvoedkunde die laagste akademiese produktiwiteit het. In die geval van laasgenoemde fakulteit het daar egter in die betrokke dekade groot veranderings in kursusse en studentesa=mestelling ingetree. Dit moet in aanmerking geneem word. Hoewel

die fakulteit Natuurwetenskappe die hoogste druipsyfer onder eerstejaarstudente het, is sy totale akademiese produktiwiteit (65,3%) hoër as dié van die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (60,5%). Hoewel die fakulteit Opvoedkunde vir die tydperk onder bespreking 'n betreklik lae totale akademiese produktiwiteit het, moet in gedagte gehou word dat in dié tydperk slegs voorgraadse primêre onderwysdiplomastudente ter sake is. Vir toelating tot studie in hierdie rigtings is universiteitsvrystelling nie vereis nie en betreklik klein getalle studente het vir hierdie studierigtings ingeskryf. Die druipsyfer onder tweede- en derdejaarstudente is die hoogste vir die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en die slytasie onder diplomastudente is aansienlik hoër as vir graadstudente.

Daar is 'n groot fluktuasie in slytasie van studente in die verskillende fakulteite oor die jare en die slytasie onder diplomastudente is aansienlik hoër as vir graadstudente.

Dit het geblyk dat as 'n betreklik hoë persentasie eerstejaarstudente in hul eerste studiejaar druip, dit later in die algemeen betreklik lae akademiese produktiwiteit tot gevolg het.

### 8.4.3 FAKTORE WAT AKADEMIESE SUKSES VAN VERAL EERSTEJAARSTUDENTE KAN BEÏNVLOED - INLIGTING WAT VAN EERSTEJAARSTUDENTE EN DOSENTE VERKRY IS

'n Groot aantal eerstejaars met twyfelagtige akademiese potensiaal het in 1976 aan die PU vir CHO ingeskryf - slegs 82,2% het standerd 10 met volle vrystelling geslaag.

Fakulteitsgewys trek die fakulteit Natuurwetenskappe die hoogste persentasie studente wat onderskeidings op skool behaal het en die kleinste persentasie studente wat swak simbole behaal het en wat voorwaardelike vrystelling het. Die fakulteit Opvoedkunde is wat bogenoemde betref die swakste daaraan toe.

Dameseerstejaarstudente het op skool reeds in die algemeen akademies beter as manseerstejaarrespondente gepresteer.

Eerstejaarstudente se studierooster word grootliks bepaal deur die toetse wat hulle skryf.

Die studie-atmosfeer en -geleentheid is veral in manskoshuise, volgens die inwoners, swak in vergelyking met ander verblyfplekke.

Dit blyk dat 'n groot aantal eerstejaarklasse baie groot is, dat sommige eerstejaarstudente deur vyftien en meer dosente onderrig word, dat daar baie gedikteer word in klasse en dat in die alge= meen baie min van onderrighulpmiddels gebruik gemaak word deur dosente wat vir eerstejaars klas gee.

Uit die responsies van eerstejaars en dosente blyk dit dat eerste= jaarstudente in die algemeen probleme ondervind om Engelstalige wetenskaplike werke met insig te lees. In baie departemente word egter uitsluitlik van Engelse handboeke gebruik gemaak. Hand= boeke is ook in baie gevalle nie aan die begin van die jaar be= skikbaar nie.

Nagenoeg die helfte van die dosente het gemeld dat die omvang van die eerstejaarswerk in hul vak die afgelope vyf jaar toege= neem het.

'n Aantal dosente het gemeld dat hulle nie verslag hou van die ge= middelde persentasie wat studente in toetse en veral in die Novem= bereksamen behaal nie. Nagenoeg die helfte van die dosente weet ook nie hoe hul doseervermoëns beoordeel word nie en in 'n aantal departemente word glad nie pogings aangewend om didaktiese lei= ding aan onervare dosente te gee nie.

Die voogdosentstelsel aan die PU vir CHO funksioneer in 63% eer= stejaarstudente se geval net gedurende die oriënteringstydperk.

Die kerkbesoek van eerstejaarstudente en hul kontak met hul pre= dikante en ouderlinge is in die algemeen goed. Daar is nogtans enkele studente wat geloofsprobleme ondervind.

Die hoofredes waarom eerstejaarstudente van 1976 na die PU vir CHO gekom het, is geografies, die Christelike karakter van die PU vir CHO en omdat die studierigting van hul keuse slegs aan die PU vir CHO aangebied word.

Nagenoeg 18% van die eerstejaars van 1976 het motors tot hul beskik=
king gehad en ongeveer die helfte van die eerstejaars het naweke
van Potchefstroom af weggegaan. Naweke het tuisblyers sowel as
dié wat weggegaan het betreklik min gestudeer.

Slegs 32% van die eerstejaars het voorligting van 'n amptelike voor=
ligtingsinstansie ontvang voordat hulle kom studeer het, terwyl
meer as die helfte van die respondente nie tevrede was met hul
vakkeuses nie.

Gedurende die week wat karnaval voorafgaan, studeer eerstejaars
baie min.

Die meerderheid eerstejaarrespondente het hulle uitgespreek ten
gunste van inlywing van eerstejaars deur seniors, maar versoek dat
die inlywing ná die ontheffingsdinee beëindig moet word, aangesien
die praktyk ná die ontheffingsdinee grootliks voortgesit word.

Eerstejaarstudente bepleit benewens die beëindiging van die inly=
wing vroeg in die jaar en beter voorligting, ook die volgende ter
verbetering van hul akademiese prestasies:

* die afskaffing van verpligte bywoning van funksies deur eerste=
jaars,
* bepaling en handhawing van vaste studietye vir die koshuise en
* geleideliker oorskakeling van die werkwyse van die skool na die
universiteit wat gereelde toetsing dwarsdeur die akademiese
jaar, meer persoonlike kontak met dosente en die voorsiening
van Afrikaanse handboeke insluit.

### 8.4.4 FAKTORE WAT AKADEMIESE SUKSES VAN SENIOR STUDENTE KAN BE= INVLOED - INLIGTING WAT VAN DOSENTE, TWEEDEJAAR-, DERDEJAAR- EN NAGRAADSE ONDERWYSDIPLOMASTUDENTE VERKRY IS

Die volgende blyk uit die responsies van studente:

Engelstalige handboeke is vir 18,9% respondente 'n groot belemme=
ring in hul studies.

Aangesien respondente se studieprogram hoofsaaklik deur die toetse wat hulle skryf, bepaal word, verkies hulle om gereeld toetse oor kleiner afdelings van die werk te skryf.

Die instelling van toetse oor naweke sedert die begin van 1977 het veroorsaak dat meer studente naweke op Potchefstroom deurbring en dat daar ook meer gestudeer word.

'n Langer akademiese jaar word deur 28,3% respondente bepleit.

Nagenoeg een kwart van die respondente wat met graadstudie besig was, het ten minste een vak by hul graadkursus ingesluit omdat hulle dit as "maklik" beskou.

Heelwat (34,8%) van die respondente beweer dat hulle te veel klas=se moet bywoon en dat daar te min tyd vir werklike studie is. Meer as die helfte van die respondente beweer dat hulle meer as 50% van die behandelde werk eers begryp as hulle dit self tuis deeglik bestudeer.

Dosente is in die algemeen baie behulpsaam en toeganklik wanneer hulle om hulp genader word; daar is wel studente wat nie vrymoe=digheid het om sommige dosente om hulp te nader nie.

Formele lesings is die gebruiklikste wyse van onderrig terwyl die onekonomiese praktyk van dikteer van aantekeninge nog 'n groot omvang het. Volgens 50,9% van die respondente stel die meerder=heid van hul dosente nooit in die klas vrae oor die werk wat be=handel is nie.

Nagenoeg die helfte (49,5%) van die respondente het motors tot hul beskikking.

Volgens respondente is die studie-atmosfeer in koshuise swakker as in ander verblyfplekke.

Nagenoeg een derde (32,8%) van die ongetroude respondente het ge=meld dat hulle graag dadelik sou wou trou, maar dat dit weens al=

lerlei faktore nie moontlik is nie.

Die volgende blyk uit die responsies van dosente:

Volgens 127 dosente is 'n aantal verspreide toetse wat oor kleiner afdelings van die werk handel, verkieslik. Hulle pleit ook vir spoedige instelling van semesterkursusse (47) en die inagneming van doseerbekwaamheid by die aanstelling van nuwe dosente.

Die belangrikste eis wat dosente aan die sekondêre skool stel, is dat die skool die toekomstige student moet leer om selfstandig te studeer.

Met die oog op verbetering van universiteitsonderwys pleit dosente veral vir die volgende: omvangryke voorligting oor en die beskik=baarstelling van onderwyshulpmiddels, die daarstelling van meer uitgebreide en voortdurende persoonlike raad aan dosente oor di=daktiese aangeleenthede, voortdurende voorligting aan die dosen=tekorps oor onderwysmetodes en -tegnieke by wyse van inligting=stukke, colloquia en simposiums.

In die algemeen ondervind slegs departementshoofde en dekane dat administratiewe pligte hul doseerwerk benadeel.

## 8.5 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die bevindings van hierdie ondersoek word die volgende aanbevelings gedoen ter verbetering van toestande aan die PU vir CHO.

1. Voordat 'n dosent se permanente benoeming ná afloop van sy proef=jaar bekragtig word, moet hy/sy 'n skriftelike verklaring indien - deur hom-/haarself en die departementshoof onderteken - waarin gemeld word:

   a. welke kursusse in tersiêre didaktiek in dié jaar - of vroeër - deur hom/haar voltooi is;

b. dat die dosent deur die departementshoof ingelig is oor die doel van die onderrig in die betrokke kursus(se), die inhoud van die betrokke kursus(se) en geskikte handboeke vir die kur= sus(se);

c. dat die dosent deur die departementshoof ingelig is oor ge= bruiklike onderrigmetodes en -tegnieke in die vak; departe= mentele beleid betreffende evaluering van studente, kontrole van klasbywoning, selfstandige werk deur studente, voorkoms van studente, berekening van jaarsyfers en praktika waar van toepassing; en die beleid betreffende die evaluering van dosente.

2. 'n Eenvormige stelsel van keuring van kandidate vir permanente aanstelling as doserende personeel en vir promosie moet inge= stel word. Daar moet ook 'n evalueringskaal ontwerp word wat as leidraad kan dien by beoordeling van 'n dosent se doseerver= moë en by oorweging van sy aanstelling en/of promosie.

3. Dosente moet opgeskerp word om te sorg dat die leerinhoud en die wyse waarop werk in hul klasse behandel word 'n duidelike Christelike karakter het. Departementshoofde en dekane moet hulle voortdurend vergewis van hoe dit in hierdie opsig onder= skeidelik in hul departemente en fakulteite daaraan toegaan.

4. In departemente moet geprobeer word om:

a) eerstejaarsklasgroepe so klein as moontlik te hou;

b) so min as moontlik dosente te gebruik by die doseer van elke eerstejaarskursus en

c) dosente vir eerstejaars spesiaal uit te soek, veral met die oog op doeltreffende aansluiting van die eerste jaar op uni= versiteit en die laaste jaar op skool. Dit hou geensins in dat sodanige dosente net eerstejaarsklasse moet behartig nie;

d) slegs onder buitengewone omstandighede van locums of deeltyd= se personeel vir eerstejaarsklasse gebruik te maak; en

e) onderrigmetodes vir eerstejaarsklasse gedurende die eerste

semester sodanig aan te pas om oorgang van skool na universi= teit te bevorder.

Om dié saak tot sy reg te laat kom, moet departementshoofde in die opgawes van departementele werksaamhede, duidelik aan= toon welke eerstejaarklasgroepe in die betrokke departement bestaan, hoe groot iedere klasgroep is (aantal studente) en die aantal dosente wat by die onderrig van elke klasgroep betrokke is.

5. Die pogings wat in 1976 aangewend is om akademiese prestasies van eerstejaarstudente te verhoog, moet voortgesit word. Spe= siale aandag moet aan manstudente gegee word. Dit is veral nodig omdat 'n hoë druipsyfer in die eerste jaar later in die algemeen lae akademiese produktiwiteit tot gevolg het.

6. Besondere pogings moet deur departementshoofde in samewerking met dosente in hul departemente aangewend word om geskikte Afrikaanse handboeke vir voorgraadse kursusse, beginnende by eerstejaarskursusse, te bekom.

7. In die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing moet daar 'n spesiale afdeling in die lewe geroep word vir die diagnose en remediëring van lees- en algemene taal= probleme by studente.

8. Die doel en funksies van die Instituut vir Sielkundige en Op= voedkundige Dienste en Navorsing moet met gereelde tussenpo= ses pertinent onder die aandag van veral eerstejaarstudente gebring word. Dit moet oorweeg word om <u>alle</u> eerstejaarstu= dente gedurende die oriënteringstydperk aanlegtoetse te laat aflê, met die oog op voorligting ten opsigte van vakkeuses en studierigting gedurende die oriënteringstydperk. Studente met studie-, persoonlikheids-, sielkundige en aanpassingspro= bleme moet onverwyld na die instituut verwys en aangemoedig word om van die instituut se dienste gebruik te maak.

9. Departementshoofde moet alles in hul vermoë doen om te sorg

dat 'n voldoende voorraad van die voorgeskrewe boeke reeds vóór die aanvang van die akademiese jaar beskikbaar is en waar die lewering van bepaalde boeke probleme oplewer, moet eerder van plaasvervangende boeke en/of diktate gebruik ge= maak word.

10. Onderwysdepartemente moet opgeskerp word om voorligting op skool steeds te verbeter, veral voorligting van wat van voor= nemende studente verwag word, studierigtings wat gevolg kan word en eise wat daarin gestel word.

11. Die hulp wat die studente-adviseur kan verleen, moet met ge= reelde tussenposes onder die aandag van studente gebring word.

12. Die Beheerraad van die Instituut vir Sielkundige Dienste en Navorsing moet die wenslikheid oorweeg om sekere lesings wat gedurende die oriënteringstydperk aangebied word, soos dié oor studiemetodes en biblioteekgebruik, op 'n later tydstip aan te bied of te herhaal.

13. Alle inlywingshandelinge, asook verpligte bywoning van funksies deur eerstejaarstudente, moet ná die ontheffingsdinee gestaak word. Gesien in die lig van verpligte militêre opleiding vir alle jongmans het uitgerekte inlywingsaksies oorbodig geword. Die Beheerliggaam vir Koshuise moet hieraan aandag skenk.

14. Dit moet weer onder die kerke se aandag gebring word dat eerstejaarstudente besondere pastorale sorg verg.

15. Ernstige pogings moet binne departemente aangewend word om eerstejaars se biblioteekgebruik te verbeter en om hulle voor te lig betreffende die opspoor van boeke in die biblioteek.

16. Daar moet voortdurende aandag aan die voogdosentstelsel geskenk word om leemtes daarin bloot te lê en uit te skakel.

17. Studente met voorwaardelike matrikulasie-vrystelling moet

voortaan nie sonder meer vir graadstudie aanvaar word nie. Hulle moet vooraf gekeur word volgens norme deur die Senaat bepaal. Die Senaat moet ernstige oorweging skenk aan die bepaling van minimumtoelatingsvereistes tot die verskillen= de studievakke en -kursusse. Die Fakulteitsrade moet gevra word om hieroor ondersoek te doen en voorstelle voor te lê.

18. In elke departement moet gereeld besin word oor die omvang van die leerstof vir eerstejaarstudente. Weë en middele moet gevind word om die inhoud enersyds binne redelike perke te hou en andersyds met die ontwikkeling van die weten= skap te laat tred hou.

19. 'n Spesiale ondersoek moet geloods word na werksbelading van studente in verskillende studierigtings. Studierigtings waar= aan 'n groot hoeveelheid praktiese werk verbonde is, moet veral in oënskou geneem word.

20. Die Beheerliggaam vir Koshuise moet ernstige pogings aanwend om 'n beter studie-atmosfeer in die koshuise te skep en om doeltreffender studieleiding en toesig in koshuise te verse= ker. Dit geld veral vir manskoshuise. Daar moet veral toe= gesien word dat die studietye en die daarvoor vereiste stil= te, soos in die reglemente bepaal, streng nagekom word. In= dien verskerpte pogings om reglemente ten opsigte van studie in koshuise doeltreffend toe te pas nie binne bestek van 'n jaar die gewensde vrugte afwerp nie, moet die universiteit dit oorweeg om ingrypende maatreëls in hierdie verband te tref.

21. Die universiteit moet besondere maatreëls tref om toesig oor en leiding aan studente wat privaat woon, te verbeter.

22. Huiskomitees moet opgeskerp word om gevalle van studente met geldelike probleme onder die huisvaders se aandag te bring, wat hulle op sy beurt na die studentediensburo moet verwys. Huisvaders van dorpstudente moet ook besondere aandag aan hierdie aangeleentheid skenk.

23. Huiskomitees moet besondere aandag verleen aan kosgangers wat klaarblyklik persoonlikheidsprobleme ondervind. Gevalle wat nie deur die huiskomitees beredder kan word nie moet so spoedig moontlik na die huisvader verwys word. Hy moet op sy beurt ernstige gevalle na die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing verwys. In die geval van dorpstudente moet huisvaders opgeskerp word om besondere aandag aan studente met persoonlikheidsprobleme te wy. Die omvang van hierdie probleme moet ook onder die aandag van plaaslike predikante gebring word.

24. Die regulasie wat betrekking het op die besit van motors deur koshuisstudente, en wat klaarblyklik nie toegepas word nie, moet òf werklik toegepas word òf geskrap word omdat dit tans slegs kan bydra tot ondermyning van die algemene dissipline. Die Beheerliggaam vir Koshuise moet die Senaat hieroor advi= seer.

25. Die Senaat moet opnuut besin oor die doel en waarde van kar= naval, 'n besliste perk stel aan die tyd wat daaraan bestee moet word en streng toesien dat die gestelde perk gehandhaaf word.

26. Die universiteit moet in sy toekomsbeplanning die moontlik= heid van voorsiening van huisvesting aan getroude studente oorweeg.

27. Verlengde militêre diensplig sal waarskynlik aanleiding gee tot vry ernstige aanpassingsprobleme onder manstudente. Hier= die potensieel ernstige probleem moet onmiddellik van nader bestudeer word en 'n plan ter bereddering daarvan moet vroeg= tydig ontwerp word.

28. Departementshoofde moet toesien dat doelgerigte pogings aan= gewend word om die lesing, as metode van onderrig, in die regte perspektief te plaas. Dit moet gesien word as een van die metodes - haas 'n onontbeerlike metode - wat ewewigtig en met oorleg saam met ander metodes - soos selfstandige stu=

die, klasgesprekke, tutorials, seminare, diktate, kernaantekeninge - gebruik moet word en slegs waar dit die doeltreffendste metode is. Lesings moet naamlik hoofsaaklik gebruik word om onderwerpe in te lei, studente te motiveer, gesindhede by studente te ontwikkel, werkopgawes te gee en te verduidelik, gedane werk saam te vat en om ingewikkelde gedeeltes van die werk en werk wat noodwendig uit verskillende bronne saamgevat moet word, te behandel, eerder as om die volle sillabus aan die studente voor te dra. Sodoende sal studente meer geleentheid kry om selfstandig te studeer. Indien bogenoemde lesings gebruik word, is daar geen geldige redes waarom lesinggroepe noodwendig "klein" moet wees nie. Lesinggroepe kan dan groter word; ook kan die aantal lesings beperk word, en tyd wat met lesings bespaar word, moet dan gebruik word vir kleingroepbesprekings, seminare en tutorials. Departemente afsonderlik en die universiteit in geheel moet aandag skenk aan die formulering en aanvaarding van ŉ doseerbeleid.

29. Departementshoofde moet toesien dat die praktyk van dikteer van aantekeninge, behalwe bondige aanvulling van handboeke of diktate, beëindig word. Waar daar nie geskikte handboeke beskikbaar is nie, moet diktate en/of afgerolde aantekeninge beskikbaar gestel word.

30. Aangesien die doel met die onderrig in ŉ kursus en in ŉ vak die inhoud, onderrigmetodes, evaluering - die ganse didaktiese opset - bepaal, moet daar vir elke kursus in elke vak oogmerke geformuleer en op skrif gestel word. Hierdie oogmerke moet aan alle betrokke dosente beskikbaar gestel word en departemente moet in die lig van die geformuleerde oogmerke die betrokke inhoud en didaktiese ontwerpe noukeurig evalueer en waar nodig aanpas om doelgerigtheid te bevorder.

31. Aan die begin van elke kursus moet aan elke student ŉ skema voorgehou word waarin duidelik in hooftrekke aangedui word watter werk behandel gaan word en watter handboeke en/of diktate gebruik gaan word. ŉ Aanvullende bronnelys moet

ook verskaf word. Inleidend moet die oogmerke wat met die leerinhoud beoog word, aangedui word.

32. Die Senaat moet besin oor die wenslikheid van die gebruik van kernaantekeninge en 'n algemene beleid daaromtrent for= muleer.

33. Departementshoofde moet toesien dat deeglike terugkoppeling gedurende lesaanbiedings plaasvind. Kontak moet veral deur middel van vraagstelling en kortantwoord-onderrigtoetse be= werkstellig word.

34. Elke departement moet in die Novembereksamen 'n opgaaf aan die betrokke eksamenkommissie voorlê waarin die gemiddelde persentasie wat deur studente in kursusse behaal is, die per= sentasie druipelinge en die persentasie onderskeidings aan= gedui word.

35. Gesien in die lig van die groot fluktuasie in die eerstejaar= slaagsyfer deur die jare, asook van die groot fluktuasie in produktiwiteit in die fakulteite deur die jare, moet die wenslikheid en praktiese uitvoerbaarheid van statistiese verantwoorde verstellings van eksamenpunte ondersoek word.

36. Departemente moet aangemoedig word om vraebanke, versamelings beproefde vrae, op te bou, aangesien dit daartoe kan bydra dat die standaard van eksaminering deur die jare konstant bly. Leiding kan ook op dié wyse aan onervare dosente ver= skaf word.

37. Departementshoofde moet gereeld departementele samesprekings reël waarop besin word oor veral onderrigmetodes, evaluering, vakinhoud en -doelstellings. Daar word aan die hand gedoen dat departemente, veral vir gebruik van nuwe dosente, 'n handleiding oor hierdie sake saamstel.

38. Dosente moet daarvan kennis neem dat heelwat meer vakinhoud deur studente selfstandig uit bronne bestudeer kan word.

Sodoende kan beskikbare lestyd beter benut word, veral in kursusse met lang sillabusse. Departementshoofde moet dit voortdurend onder die aandag van die dosente in hul departe= mente hou.

39. Die Buro vir Oudiovisuele Hulpmiddels en Tegnologiese Appa= raat moet so spoedig moontlik sy beoogde dienste aan die akademiese personeel begin lewer en die gebruik van hulpmid= dels in onderrig oordeelkundig bevorder. Truprojektors be= hoort standaardtoerusting in elke lesinglokaal te wees.

40. Die toets- en eksamenstelsel wat op grond van voorlopige aan= bevelings voortvloeiende uit hierdie ondersoek reeds in ge= bruik is (vgl. PU vir CHO, 1977, art. 9, p. 3) moet gehand= haaf word, aangesien dit die geheel en/of gedeeltelike in= stelling van semesterkursusse moontlik maak, dit gereelde toetsing oor kleiner gedeeltes van die werk moontlik maak, veral deur middel van onderrigtoetse en dit koördinasie van toetse bevorder. Toetse oor naweke vir groepe studen= te moet egter binne redelike perke of op Vrydagaande òf op Saterdagoggende plaasvind om te voorkom dat opeenhoping van toetse plaasvind. Naweke moet egter optimaal in oorleg met die Studenteraad vir toetse en eksamens benut word. Vir eerstejaars moet 'n toetsprogram geld wat reeds vroeg in die akademiese jaar begin en wat eweredig oor die hele jaar ver= sprei is.

41. Die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe moet besin oor die re= des vir die betreklik hoë druipsyfer van sy tweede- en der= dejaarstudente en maatreëls ter bekamping daarvan tref.

42. Die wenslikheid van 'n langer akademiese jaar moet ondersoek word en daar moet so spoedig moontlik uitsluitsel gegee word oor die aangeleentheid.

43. Die Senaat moet duidelike riglyne vir personeel neerlê vir die prosedures wat gevolg moet word wanneer regulasies A8 en A9 wat betrekking het op vereistes gestel aan studente se

klasbywoning, gedrag en/of akademiese werk, oortree word.

44. Die rektor moet 'n ernstige beroep op personeellede doen om in hul omgang met studente en in hul doseerwerk en tughand= hawing voortdurend en waarlik Christelik-opvoedkundig te werk te gaan en om inderdaad ware voorgangers te wees. In ge= valle waar dosente ernstige en hardnekkige probleme met stu= dente ondervind, moet die saak onverwyld by hul onmiddellike hoof vir verdere aandag aangemeld word. Die rektor moet egter ook deur die Studenteraad 'n beroep doen op studente wat probleme met dosente ondervind om dit met die studente= diensburo, dekaan of departementshoof te bespreek en in werk= like ernstige en hardnekkige gevalle moet studente hulle di= rek tot die rektor wend. Departementshoofde en dekane moet steeds bedag wees op die voorkoms van onsimpatieke of ontakt= volle optrede onderskeidelik in hul departemente en fakul= teite.

45. Die Senaat moet ondersoek instel na die wenslikheid en doen= likheid van die rasionalisering en/of verligting van die administratiewe pligte van dekane en hoofde van groter de= partemente.

46. Kanale moet geskep word vir oorlegpleging met studente in sekere sake, soos byvoorbeeld roosters vir toetse en eksa= mens.

47. 'n Buro vir Universiteitsonderwys met 'n direkteur aan die hoof moet onverwyld in die lewe geroep word. Die buro moet 'n ad= viesraad hê bestaande uit die rektor (of sy verteenwoordi= ger) en 'n verteenwoordiger van elk van die fakulteite. Die reeds bestaande Buro van Oudiovisuele Hulpmiddels en Tegnolo= giese Apparaat moet by die Buro ingeskakel word ten einde alle aspekte van universiteitsonderwys onder dieselfde dak te verenig met die oog op optimale koördinasie, integrasie en doeltreffendheid.

Die funksies van dié buro moet wees:

1) Die reëling en aanbieding van kursusse, opknappingskursusse en seminare in universiteitsonderwys.

2) Verskaffing van raad oor didaktiese aangeleenthede aan do= sente wat dit nodig het.

3) Voorligting van die dosente oor spesifieke onderrigmetodes en tegnieke.

4) Verspreiding van inligting oor didaktiese sake en van navor= singsresultate, betreffende universiteitsonderwys deur mid= del van gereelde bulletins aan doserende personeel.

5) Beoordeling van dosente se doseervermoëns op versoek en die gee van wenke om onderrigmetodes te verbeter.

6) Voortdurende navorsing op die gebied van tersiêre onderwys en van die didaktiese situasie aan die PU vir CHO en die maak van voorstelle ter verbetering daarvan.

7) Skakeling met departemente om didaktiese strategieë in die departemente te ontwerp en te verbeter.

8) Die beheer oor, gesentraliseerde aankoop en instandhouding van alle onderwyshulpmiddels; voorligting van dosente in die doeltreffende aanwending van onderwyshulpmiddels; en verskaffing van geriewe en hulp by die produksie van die nodige "sagteware".

9) Navorsing oor alle fasette van universiteitsonderwys.

10) Die nakoming van 'n beperkte leeropdrag, maar slegs op na= graadse vlak binne die fakulteit Opvoedkunde met die oog op gespesialiseerde B.Ed.-kursusse en die leiding van magister- en doktorsgraadstudente.

Aangesien so 'n buro in diens van die hele universiteit staan en noue skakeling met alle fakulteite móét hê, moet dit nie

aan 'n bepaalde fakulteit gekoppel word nie en moet die direk= teur direk aan die rektoraat verantwoordelik wees. Dit bring mee dat die huidige departement Didaktiek en Tersiêre Onderwys vervang word met 'n departement Didaktiek.

## 8.6 SWAKHEDE IN DIE ONDERSOEK

Soos baie keer die geval is waar van vraelyste gebruik gemaak is, was die persentasies responsies van die verskillende groepe res= pondente hoewel bevredigend, nog ver van die ideale.

Die akademiese produktiwiteit van studente wat oorspronklik voor= waardelik toegelaat is, kon weens onvolledigheid van beskikbare gegewens nie vasgestel word nie.

## 8.7 MOONTLIKHEDE VIR VERDERE NAVORSING

Die akademiese produktiwiteit van studente wat voorwaardelik toe= gelaat is en word, moet deeglik nagevors word aangesien 'n betrek= lik hoë persentasie van dié studente aan die PU vir CHO inskryf.

Die oënskynlike verband wat daar bestaan tussen groei van die universiteit in studentegetalle en akademiese produktiwiteit moet verder nagevors en ontleed word.

Die invloed van die huidige verlengde militêre diensplig op die akademiese produktiwiteit asook op die verhoudingslewe van stu= dente verg ernstige en onverwylde ondersoek.

## 8.8 SLOT

Die hoop word gekoester dat hierdie ondersoek die akademiese pro= duktiwiteit van die PU vir CHO in die regte perspektief plaas, insig verruim in die faktore wat akademiese produktiwiteit beïn= vloed en moontlik sal lei tot verhoogde akademiese produktiwiteit.